education
MPUMALANGA PROVINCE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSORIëNTERING

TAAK 2: PROJEK 2020

PUNTE:80

BLADSYE: 09

ONDERWERP: ‘n GESONDE OMGEWING EN PERSOONLIKE HIGIëNE IS BAIE BELANGRIK OM VIRUSSE TE BEKAMP WAT MENSE EN DIERE SE GESONDHEID BEDREIG

Beplan ‘n projek waarin jy die mense in jou gemeenskap bewus maak van die belangrikheid van ‘n veilige en gesonde omgewing. Jy moet d.m.v. hierdie projek mense inlig oor hulle verantwoordelikhede en oor dienste wat gelewer kan word om ‘n veiliger en gesonder omgewing te bewerkstellig. Jy moet regeringsvlakke ondersoek waar jy kyk na wette, reëls en regulasies en gemeenskapsdienste wat kan sorg vir ‘n skoon en veilig bewoonbare omgewing. Dit moet ook ‘n beter lewensgehalte vir die mense van die gemeenskap bied en nuwe loopbane in gemeenkapsgesondheid skep. Verder moet jy ook die Coronavirus (COVID-19) in Suid-Afrika ondersoek en bewusmaking daarvan onder die mense van jou gemeenskap skep.

INHOUD EN ALGEMENE INSTRUKSIES.

INHOUD

Die volgende inhoudsareas word in die projek behandel:

- Omgewingsveiligheid
- Persoonlike gesondheidskwessies, insluitend die COVID-19.
- Die rolle van die regering in die instandhouding en onderhoud van skoon omgewings
- Opvoedkundige en intervensieprogramme en die impak daarvan
- Persoonlike missieverklaring gedurende die hantering van gesondheidsverwante virusse.
- Feite oor COVID-19 as 'n persoonlike en omgewingsgesondheidskwessie.

ALGEMENE INSTRUKSIES:

- Die aktiwiteit moet een volledige stuk werk wees.
- Hierdie aktiwiteit sal uitgebreide leeswerk aan die leerders se kant verg.
- Daar word van jou verwag om inligting te ondersoek, te sorteer, te interpreteer en voorstelle te maak.
- Jy moet jou Lewensoriëntering (LO) handboeke en addisionele, maar relevante materiaal gebruik.
- Alle artikels wat in hierdie aktiwiteit gebruik word, moet in jou bibliografie erken word.
- Skryf volledige sinne.
- Sinvolle verklarings sal in jou guns tel.
- Moenie 'n verklaring skryf as dit nie sin maak nie. Proeflees jou werk voor die voorlegging.
- Alle frases moet goed gestruktureer wees.
- Daar moet 'n vloei van argumente/besprekings wees.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Nommer jou vrae dieselfde as in die taak.

Lees al die instruksies.

A. TEGNIESE INSTRUKSIES:

NB: Die vetgedrukte woorde/frases tree op as leidrade.

1. Na voltooiing van die projek moet 'n **dekbrief** (cover page) voorsien word en moet die die projek ‘n titel hê. Byvoorbeeld... “**Die omgewing en ‘n persoonlike gesonde lewe is van belang om siektes te beheer”.** Dui jou **persoonlike besonderhede** (naam, van en graad) aan en **bind** jou projek. (3)
2. Gebruik ‘n inhoudsopgawe waar die hoofopskrifte in **hoofletters** en die subopskrifte in kleinletters geskryf word. Die bladsynommers hier moet **ooreenstem** met die inhoud van jou projek. Die bladsynommers moet aan die regterkant wees en elke aspek moet op die linkerkant genommer word. (5)

3. Jy mag die hele projek verfraai. Maak seker dat al die inligting te alle tye sigbaar is. Bladsyrame (page borders) kan ook gebruik word.
4. Oortuigende, argumenterende en kreatiewe skryfwerk word aangemoedig.
5. Moenie werk net so uit bronne kopieër nie. Jy moet jou eie werk lewer.
6. Maak voorsiening vir voldoende spasiëring tussen paragrawe.
7. Jy kan voorbeelde gebruik om jou punte te ondersteun.
8. Gebruik relevante bronne om die projek te voltooi.
9. In-teks verwysings moet in jou bibliografie gebruik en erken word byvoorbeeld volgens Nsimbini (2020:14) omgewing en persoonlike gesondheid is "..." Of omgewing en persoonlike gesondheid word gedefinieer as "....." (Nsimbini, 2020:14)
10. Jou projek moet leesbaar en netjies wees.
11. Moenie ‘n sin skryf as dit nie sin maak nie. ‘n Kort, betekenisvolle sin is beter. Moenie lang sinne skryf nie, want dit kan jou fokus van die hoofaspek afneem.
12. Moenie die inhoud van enige bron kopieër nie. Erken die bronne wat jy gebruik.
13. Gebruik goeie grammatika en proeflees voordat jy dit ingee.
14. Waar nodig, heg die belangrike uittreksels aan.
15. Jy mag nie minder as **VIER** bronne vir die projek gebruik nie.

[08]

B. SPESIFIEKE INSTRUKSIES:

Al die vrae moet op ‘n diskursiewe manier beantwoord word afhangende van die konteks van die antwoord. Afhangend van die antwoord, moet vol sinne in paragrawe gebruik word. Die vrae wat verskaf word aan leerders is riglyne wat dui op die belangrike aspekte van hulle antwoorde. Geen antwoord mag puntsgewys verskaf word nie. Volg die formaat wat onder verskaf word. Waar werkkaarte verskaf word, moet leerders dit aanheg in lyn met die afdeling waar dit gebruik word. Bind jou projek sodat alle bladsye saam is.

1. INLEIDING

Definieer die volgende begrippe volledig in die eerste paragraaf:

- Omgewingsgesondheid
- Gesonde leefwyse
- Omgewingsgesondheid-persoonlike missiestelling

(3x2=6)

Beantwoord die volgende vrae in die tweede paragraaf.

Argumenteer waarom ‘n studie van omgewingsgesondheid belangrik is vir menslike oorlewing. Motiveer verder waarom ‘n omgewingsgesondheid-, persoonlike missiestelling ‘n noodsaaklike aspek vir die beskerming van ons leefbare omgewing is.

(2x2+2x2=8)

[14]

2. DIE VERANTWOORDELIK VAN DIE VERSKILLENDE VLAKKE VAN DIE REGERING OM ‘n GESONDE EN LEEFBARE OMGEWING TE SKEP.

- Noem die rolle van die verskillende vlakke van die regering om ‘n gesonde en leefbare omgewing te skep.

(3x1=3)

- Noem omgewingswetgewing/regulasies/meganismes wat toegepas word in Suid-Afrika en hoe dit deur die verskillende vlakke van die regering uitgeoefen word.

(3x1=3)

- Omgewingswette van verskillende lande of kontinente is onderhewig aan die doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling. Noem ten minste twee van hierdie doelwitte.

(2x1=2)

- Persoonlike waardes het 'n direkte invloed op hoe mense persoonlike en omgewingsgesondheid hanteer. Verduidelik die ooreenkoms.

(1x2 = 2)

- Evalueer krities hoe die verskillende vlakke van die regering hul omgewings-verantwoordelikhede uitvoer.

(3x2=6)

[16]

3. ONDERSOEK DIE GEMEENSKAP SE VERANTWOORDELIKHEID OM, IN DIE LIG VAN COVID-19 WAT DIE WÊRELD TEISTER, ‘’n VEILIGE OMGEWING EN ANDER DIENSTE TE SKEP OM SODOENDE ‘’n VEILIGE EN GESONDE LEEFSTYL TE BEVORDER. BEANTWOORD DIE ONDERSTAANDE VRAE. RAADPLEEG RELEVANTE MEDIA (DRUK-MEDIA, ELEKTRONIESE MEDIA EN REKENAAR). WEES INGELIG MET DIE NUUS.

3.1 Identifiseer persoonlike faktore wat die COVID-19 kan versprei. (2x2 = 4)

3.2 Bepaal waarom persoonlike higiëne kan help om die verspreiding van die COVID-19 te bekamp. (2x2 = 4)

3.3 Watter DRIE maatreëls het die Nasionale Regering in plek gestel om die verspreiding van die COVID-19 te reguleer. (3x1 = 3)

[11]

4. ONTWIKKEL 'N BEWUSTEIDS-FEITEBLAD, MET HULP VAN DIE WERKKAART OP BLADSY 8, OM MENSE TE BEHANDEL IN DIE LIG VAN DIE CORONAVIRUS SIEKTE DEUR DIE VOLGENDE ASPEKTE TE ONDERSOEK:

- Hoe versprei COVID-19? (2x2 = 4)
- Hoe beïnvloed dit die mens? (2x2 = 4)
- Noem ten minste VIER van die simptome. (4x1 = 4)
- Wat kan gedoen word om die verspreiding daarvan te verminder? (2x2 = 4)
- Wat moet gedoen word deur diegene wat dit opgedoen het? (2x2 = 4)
- Verduidelik die opsies van self-kwarantyn en hospitalisasie as persone vermoed hulle het COVID-19 of reeds met COVID-19 gediagnoseer is. (2x2 = 4)

[24]

AFSLUITING

Dink u dat goeie persoonlike higiëne individue en gemeenskappe kan help om die Coronavirus onder beheer te bring? Motiveer. (3)

C. BIBLIOGRAFIE

Bronne moet as volg aangedui word:

- Lys die bronne alfabeties (volgens die outeur, gevolg deur die relevante inligting oor die publikasie. Bestudeer die volgende voorbeelde in die verband:

(4x1 = 4)

[Groottotaal: 80]

VOORBEELDE:

Boeke of Akademiese publikasies:

Mabhodo, M. 2020. Life Orientation Policy. *The Curriculum and Assessment Policy.* Department of Basic Education. Pretoria. South Africa.

Koerante of tydskrifte

Barry Ronge. (2020). *Personal Hygiene is critical in the Fight against the Corona Disease.* 2 June. p. 12

Internet:

International Narcotics Control Board 1999, United Nations, accessed 1 October 1999, http://www.incb.org

OR:

Pianin, E. 2001, 'As Coal's Fortunes climb, mountains tremble in W.Va; Energy Policy is transforming Lives.' *The Washington Post*, 25 February, P. A03, accessed March 2001 from Electric Library Australasia.

WERKSBLAD: Vir vraag 4

BEWUSMAKINGS-FEITEBLAD OOR HOE MENSE HULLESELF MOET BEHANDEL IN DIE LIG VAN DIE CORONAVIRUS DEUR DIE VOLGENDE TE ONDERSOEK:

Van_____ **Naam** _____ **Gr 12**__

1. Hoe versprei COVID-19?	(2x2 = 4)
2. Hoe beïnvloed dit die mens?	(2x2 = 4)
3. Noem ten minste VIER van die simptome.	(4x1 = 4)
4. Wat kan gedoen word om die verspreiding daarvan te verminder?	(2x2 = 4)

5. Wat moet gedoen word deur diegene wat dit opgedoen het? (2x2 = 4)

6. Verduidelik die opsies van self-kwarantyn en hospitalisasie as persone vermoed hulle het COVID-19 of reeds met COVID-19 gediagnoseer is. (2x2 = 4)